23 Mei 2023

Liewe voornemende Louwtjie-Ouers

Ons deel hiermee graag die volgende inligting rakende die GDO aanlynregistrasies vir Graad 1 | 2024.

GRAAD 1 AANSOEKE 2024	
AANLYNREGISTRASIES OPEN:	**DONDERDAG 15 JUNIE 2023 OM 08:00**
AANLYNREGISTRASIES SLUIT:	**VRYDAG 14 JULIE 2023 OM 24:00**

Volg die volgende stappe om u kind te registreer vir Graad 1:

STAP 1: KRY ALLE DOKUMENTASIE REG.

Baie belangrik: **ALLE dokumente hieronder MOET gesertifiseer** wees.

1. Geboortesertifikaat van die leerder
2. Inentingskaart van leerder
3. ID van beide ouers/voogde
4. Bewys van huisadres:
    - **Vir huiseienaars:** Munisipale rekening wat die volle huisadres noem in die naam van die ouer/voog en nie ouer as 3 maande nie.
    - **Vir huurders:**
        - Munisipale rekening wat die volle huisadres noem in die naam van die eienaar en nie ouer as 3 maande nie.
        - Eienaar se ID
        - Huurkontrak geteken deur die huurder en die verhuurder/eienaar, nie ouer as 3 maande nie en met die volle huisadres.
        - Huurstrokie met volle huisadres, nie ouer as 3 maande nie.
        - Staat van enige rekening in die naam van die ouer met die volle huisadres.
5. Bewys van werksadres: ’n Brief van die werkgewer.

STAP 2: LLG REGISTRASIEVORM

Vul ’n hardekopie van die Laerskool Louw Geldenhuys 2024 Registrasievorm so gou moontlik in voor 15 Junie 2023 en handig dit, saam met die bogenoemde dokumentasie, in by die **Glaskantoor vir aandag: Marlet Homan.**

- Teken ’n bevestiging van inhandiging van die registrasievorm en dokumentasie by Retha Bezuidenhout.
- Teken ’n inhandigingsregister by Retha Bezuidenhout.

STAP 3: REGISTREER AANLYN

1. Registreer aanlyn by https://www.gdeadmissions.gov.za/ vanaf 15 Junie 2023 om 08:00 tot 14 Julie 2023 om 24:00 en laai die bogenoemde dokumentasie.

2. Baie belangrik: Die selfoonnommer waarmee jy registreer MOET nie weggegooi word nie. Dit is die nommer waarop die Departement met jou gaan kommunikeer om die plasing van jou kind te bevestig.
3. Wanneer die aanlynregistrasie voltooi is sal u 'n SMS ontvang met 'n 'WA' verwysingsnommer. E-pos asseblief hierdie nommer na marlet@llg.co.za.
4. Sodra die aanlynaansoek voltooi is, sal die skool die dokumentasie aanlyn verifieer, waarna u 'n SMS sal ontvang om te bevestig dat die proses nou voltooi is /aandui dat dokumentasie uitstaande is.

STAP 4: WAG VIR DIE PLASING DEUR DIE DEPARTEMENT VANAF 4 SEPTEMBER 2023.

Kontak ons gerus vir enige navrae of hulp indien nodig.

NAVRAE: 011 782 5442/3	**MARLET HOMAN (MARLET@LLG.CO.ZA)**
	RETHA BEZUIDENHOUT (POS@LLG.CO.ZA)

Louwtjiegroete.

MNR. MARTIN BENSCH
LLG HOOF